

12

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die kern van Lesse 7-11 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 7-11 ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 7-11 te leer en te ken.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprentjie oor die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in hul eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle in Lesse 7-11 geleer het, te gaan uitleef in hul alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

- Hierdie kategeseboek se titel is *God gee om*. Dit beteken God het my in gedagte as Hy dit wat goed is, voorsien.
- In die eerste 11 hoofstukke het ons na die volgende belangrike sake gekyk:
 - Ons leer God uit die Bybel ken.
 - God het ons almal gemaak – ek behoort aan Hom.
 - Ons moet lief wees vir almal.
 - God sorg vir ons.
 - Ons moet God se skepping oppas.
 - God sien ons harte – Hy ken my.

- God gee vir ons werk.
- God is ook by ons as ons siek is.
- Ons moet God prys en dank, en ons mag vra wat ons nodig het.
- God leer ons met Nagmaal dat Hy vergewe en dat ek mag lewe.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG ONTHOU ONS

- Skerp die belangrikste sake van Lesse 1-11 by MEER INLIGTING hierbo in.
- Skerp die feite wat hulle by die huis moet gaan leer weer by die kinders in.
- Elke kategeet doen dit op 'n wyse wat hy of sy goedvind.

BY DIE HUIS

Laat hulle die hersieningsfeite in hul boeke tuis gaan leer.

AFSLUITING

Laat een van die kinders met wie vooraf gereël is, afsluit met gebed.